# GRAAD 4 & 5 EAT

# TIPPIE VLAK 6
# LEESBEGRIP, VISUELE BEGRIP EN TAAL


DEUR KATHIE VILJOEN




**Lees speel-speel saam met Tippie die olifant!**

Die stories in die Leer my lees-reeks is uniek, modern en prettig. Illustrasies ondersteun die teks, maar is abstrak en die perfekte oorbrugging tussen die Grondslag- en Intermediêre fase. Vlak 6 se stories fokus op langer sinne, langer paragrawe en ’n moderne uitleg om lees- en taalvaardighede te konsolideer en hoëorde-denke te stimuleer. Tippie stel die leser bekend aan nuwe woordeskat asook eg tradisionele Suid-Afrikaanse uitdrukkings binne die konteks van elke storie.

*Leer my lees Vlak 6* is ook ideaal om leerders stelselmatig aan visuele konteks bloot te stel en hul visuele geletterdheid te versterk.



**Vraag 1**
Bestudeer die onderstaande teks uit "Tippe se eerste wedstryd" en beantwoord die vrae.




1.1 Noem die naam van die twee spanne wat speel. (2)

1.2 Hoe weet jy dat die toeskouers baie hard skreeu? Gee twee redes. (2)

1.3 "Frikkie spoed vorentoe".
1.3.1 Skryf die sin in jou eie woorde oor. (1)
1.3.2 Haal nog een ander woord aan wat ongeveer dieselfde beteken. (1)

1.4 Watter tipe sinne skree die benoude mamma vir die spelers?
Kies die korrekte antwoord:
a) Stelsinne
b) Vraagsinne
c) Bevelsinne
d) Wenssinne (1)

1.5 Wanneer iemand "lastig" is, beteken dit …
a) hy dra 'n las.
b) hy pla jou.
c) hy sukkel baie.
d) hy hardloop verby jou. (1)

1.6 Waarom sal die mamma "benoud" vir haar seun op die veld skreeu?
Kies die antwoord wat die beste pas:
a) Sy is bekommerd, want die wedstryd neem te lank.
b) Sy is gespanne, want haar seun se span moet die ander span keer.
c) Sy is hartseer, want die wedstryd is amper klaar.
d) Sy is opgewonde, want die ander span gaan punte aanteken. (1)

1.7 Skryf die volgende woorde in alfabetiese orde oor:
Kraaie; lastig; keer; laerskool; kortskoppie; laag; Kraaifontein; langs (4)

1.8 Skryf die volgende sinne in die negatiewe vorm oor:
1.8.1 Die spanmaat gee 'n kortskop. (1)
1.8.2 Die toeskouers skreeu baie hard. (1)

1.9 Lees weer alles wat die mamma vir haar seun op die veld skreeu.
Watter sin skreeu sy die hardste? Motiveer jou antwoord. (2)

1.10 Hoe weet jy dat die mamma (regs onder) haar hande klap? (1)

1.11 Deel die volgende woorde in lettergrepe:
1.11.1 laerskool (1)
1.11.2 vinnige (1)
**[20]**

**Vraag 2**

Bestudeer die onderstaande teks uit “Tippe se eerste wedstryd” en beantwoord die vrae.




2.1 In die eerste raampie lees ons dat die bal “tussen die pale” deur is. Hoe word hierdie woorde visueel ondersteun? (1)

2.2 Watter visuele element versterk die idee dat die bal baie hoog geskop is? (1)

2.3 Wanneer iemand sy arms in die lug gooi, kan dit beteken hy is bly of hy is kwaad of gefrustreerd.
2.3.1 Hoekom het Tippie sy hande in die lug gegooi? (1)
2.3.2 Haal een woord uit raampie 4 aan wat jou antwoord by 2.3.1 gaan ondersteun. (1)

2.4 Haal ’n sinoniem uit die teks aan vir die woorde tussen hakies:
Die skare het ’n (ongelooflike harde) geraas gemaak. (1)

2.5 Hoe weet jy dat die skeidsregter baie hard op sy fluitjie geblaas het?
Gee twee redes. (2)

2.6 Skryf die volgende sinne oor in die verlede tyd.
2.6.1 Die skeidsregter blaas op sy fluitjie. (1)
2.6.2 Hy skop die bal deur die pale. (1)

2.7 Soek woorde uit die teks wat die volgende klanke bevat:
2.7.2 Twee woorde wat die ie-klank bevat (2)
2.7.3 Een woord wat die ui-klank bevat (1)

2.8 Lees die afrigter se woorde in die praatborrel (raampie 4). Watter sin het hy beklemtoon?
Hoe weet jy dit? (2)

2.9 Gee die oortreffende trap van die woord tussen hakies:
Tippie het die (goed) skop van die dag gegee. (1)
**[15]**

## SKRYFWERK

HIERDIE WOORDE KOM IN DIE TEKS VOOR. GEBRUIK 'N WOORDEBOEK EN SKRYF DIE BETEKENIS VAN DIE WOORDE NEER.

IMMIGREER

MIGREER

EMIGREER

HIBERNEER

MIGRASIE

## STORIE-ELEMENTE

**Beantwoord die volgende vrae in jou werksboek.**

1. Skryf al die karakters in hierdie storie neer.
2. Noem die plek/plekke waar die storie afspeel?
3. Dink jy kultuur is net so belangrik soos sport en akademie? Verduidelik jou antwoord.
4. Wat is die rol van 'n dirigent? Gebruik die internet om jou met jou antwoord te help.
5. Jy moet vrugteslaai maak. Verduidelik hoe jy dit gaan doen en watter vrugte jy gaan gebruik.



## AKTIWITEITE

### HOËRORDE-DENKVRAE

1. Waarom dink jy kleef Tippie se trui aan sy lyf vas?
2. Wat beteken dit as juffrou vir jou sê, "Jou werk is uit die boonste rakke?" Hoe kan sy dieselfde in ander woorde sê?
3. Verduidelik wat is die verskil tussen raakrugby en kontakrugby.
4. Waarom dink jy laat meneer Fourie die spelers in 'n kring staan en nie in 'n ry agtermekaar nie?
5. Waarom maak meneer Fourie sy knipmes stadig oop en waarom sny hy die kleefband versigtig deur?
6. Hoe dink jy voel die spelers as hulle nuwe rugbytruie kry?
7. Wat beteken dit as jy 'n borg vir iets kry?
8. Hoe voel jy oor verrassings?
9. Dink jy dit is belangrik om as 'n span saam te speel of is dit beter as elke speler sy eie

## ONDERSTREEP DIE BYVOEGLIKE NAAMWOORDE EN OMKRING DIE VOORNAAMWOORDE.

1. Die klok lui hard toe Tippie vinnig by die hek instap. Hy sien hoe die maats aantree.
2. Tippie voel hoe sy gesig baie warm word toe Robin saggies met haar hand op sy skouer druk.
3. Tippie se boude is lam en koud want die saalvloer voel ekstra koud en baie hard vandag.
4. Meneer Gous maak 'n baie belangrike aankondiging. Hy vra almal se onverdeelde aandag.
5. Theo trek 'n lelike gesig terwyl hy stadig tot by Tippie stap.

